http://socialwork.journals.ac.za
DOI: http://dx.doi.org/10.15270/48-4-29



# PSIGOSOSIALE BEHOEFTES VAN ADOLESSENTE DOGTERS MET SELFMOORDGEDRAG

**Andrea du Toit, Herman Strydom**

## INLEIDING

Adolessente dogters wat vir die eerste keer ŉ selfmoordpoging aanwend, loop die risiko om met die tweede poging daarin te slaag. Selfmoordpogings word toegeskryf aan ŉ verskeidenheid omstandighede en gebeure wat ŉ persoon kwesbaar maak vir selfmoord. Hierdie stelling is al deur verskeie studies as waar bewys, maar die vraag bly egter wat die oorhoofse psigososiale behoeftes van hierdie dogters is. Met die uiteindelike fokus op selfmoord-voorkoming deur middel van lewensbegeleiding as hulpverleningstrategie in maatskaplike werk, het die navorser kwalitatiewe verkenning onder ŉ spesifieke groep adolessente dogters onderneem.

## PROBLEEMSTELLING

Volgens die Wêreldgesondheidsorganisasie (WGO) is selfmoord een van die drie hoofoorsake van sterftes in die ouderdomsgroep 15 tot 34 jaar, terwyl die hoogste aantal selfmoordgevalle in Suid-Afrika by tieners tussen die ouderdomme 15 en 24 jaar plaasvind (Brunsdon & Janse van Rensburg, 2003:2; Madu & Matla, 2003:126; Oktober, 2009:10), wat daarop dui dat adolessente ŉ hoërisiko-groep is (Zastrow & Kirst-Ashman, 2004:270).

Die ontwikkelingstake van adolessente sluit identiteitsvorming, herdefiniëring van ouer-kindverhoudings en ŉ versterkte affiliasie met die portuurgroep in. Hierdie periode word geassosieer met ŉ toename in interpersoonlike konflik, negatiewe emosies en onvanpaste hanteringsvaardighede. Vashchenko, Lambodoni en Brody (2007:245) se studie dui daarop dat adolessente dogters meer interpersoonlike spanning ervaar en oor ŉ swakker vermoë beskik om situasies te hanteer as wat die geval by seuns is. Dit kan weer ŉ potensiële gevaar vir hulle welstand en algemene gesonde ontwikkeling inhou.

Met die toepassing van meer gewelddadige selfmoordmetodes is mans gewoonlik meer geslaagd in hulle pogings tot selfmoord. Vroue, daarteenoor, slaag meestal nie in hul selfmoordpogings nie omdat hulle minder gewelddadige metodes toepas. Selfmoordpogings kom dus meer onder vroue as onder mans voor, omdat hulle verskeie kere in hulle pogings misluk (Barlow & Durand, 2005:247; Keogh, 2009:4).

Die geloof dat mense wat dreig om selfmoord te pleeg nie ernstig daaroor is nie, stem nie ooreen met die feite nie. Ongeveer 80 persent selfmoordgevalle word voorafgegaan deur verbale of nieverbale waarskuwingstekens wat die persoon se ware bedoelings aandui (Schlebusch, 2005:96). In baie gevalle van nie-fatale selfmoordgedrag neem ouers en volwassenes genoemde gedrag nie ernstig op nie (Schlebusch, 2005:58). Persone wat voorheen selfmoord probeer pleeg het, is meer geneig om met ŉ tweede poging daarin te slaag (Roswarski & Dunn, 2009:34; Zastrow & Kirst-Ashman, 2004:270). Dit is om hierdie rede dat daar ŉ besorgdheid oor adolessente dogters met selfmoordgedrag bestaan.

Para-selfmoordpogings of kamma-selfmoorde word ook beskou as mislukte selfmoordpogings. Die persoon se bedoeling is egter nie altyd noodwendig om te sterf nie, maar as ŉ uitroep om hulp deur ŉ onvanpaste probleemoplossingstegniek toe te pas. Die moontlikheid dat so ŉ

http://socialwork.journals.ac.za
DOI: http://dx.doi.org/10.15270/48-4-29



poging tot die dood kan lei, moet egter ook in gedagte gehou word (Andrew, 2006:13; Schlebusch, 2005:6).

Familiegeweld, probleemdrinkery by die huis en geskeide ouers wat dan aanleiding gee tot selfmoordpogings (Alpaslan, 2003:258; Anon, 2005) is ŉ goeie aanduiding van die invloed wat die huislike omstandighede op die kinders het. Gesonde ouer-familieverbintenisse en -verhoudings word deur Alpaslan (2003:264) as ŉ beskermingsfaktor teen selfmoordpogings beskou.

Op grond van die voorafgaande ontstaan die volgende navorsingsvraag: Wat is die psigososiale behoeftes van adolessente dogters wat selfmoordgedrag toon?

## DOELWIT

Die doelwit van hierdie artikel is om die psigososiale behoeftes van adolessente dogters wat selfmoordgedrag toon, te bepaal.

## NAVORSINGSMETODOLOGIE

### ONTWERP

Min aandag is tot dusver geskenk aan die voorkoms van selfmoordgedrag onder adolessente in Suid Afrika (Madu & Matla, 2003:126). Die navorser se studie is ook die eerste van hierdie aard wat by Potchefstroom Hospitaal onderneem is. Alpaslan (2003:266) beveel aan dat die stem en perspektief van hierdie spesifieke kliëntegroep gehoor moet word, sodat navorsing doeltreffender en meer holisties aangepak kan word.

Die navorser het van kwalitatiewe navorsing gebruik gemaak en sodoende direk en persoonlik in interaksie met enkele respondente getree. Kwalitatiewe navorsing werk daartoe mee om sin te maak uit hoe dit is om in die skoene van die deelnemers te staan. Die navorser het dus gepoog om ingesamelde data objektief en beskrywend weer te gee (Wolcott, 2001:31-32). Deur die gebruik van verkennende navorsing kan die adolessente se psigososiale behoeftes as ŉ nuwe fenomeen bestudeer word (Babbie & Mouton, 2009:79; Dane, 2011:7; Naidoo, 2010:57).

In die ondersoek na nuwe navorsingsareas moet noukeurigheid aan die dag gelê word, om die bevindinge te staaf. Verklarende navorsing, gepaard met kwalitatiewe navorsing, is benut deur literatuurkontrole te doen na afloop van die empiriese navorsing, en sodoende bevindinge te toets (Rubin & Babbie, 2010:42). Literatuur is dus gebruik om resultate te verklaar en te verduidelik wat weer lei tot insig in en begrip van die ondersoek (Dane, 2011:9-10; Mitchell & Jolley, 2010). Aldus De Vos, Strydom, Fouché en Delport (2011:298-299) behoort literatuurkontrole plaas te vind na afloop van die data-insameling, juis sodat die navorser sy/haar objektiwiteit kan behou.

Alle navorsing moet kan beantwoord aan die evalueringskriteria *geldigheid en betroubaarheid*. De Vos *et al*. (2011:419-421) en Padgett (2008:180-181) verwys na Lincoln en Guba se vier alternatiewe konstrukte wat geldigheid by kwalitatiewe data weerspieël:

- Geloofwaardigheid verwys na korrelasie tussen die siening van die respondente en die navorser se beskrywing en interpretasie. Die onderwerp word dus akkuraat beskryf deur die ondersoek.
- Oordraagbaarheid wys dat die bevindinge van een populasie ook by ŉ ander populasie gevind sal word, en bevindinge dus veralgemeen kan word.

http://socialwork.journals.ac.za
DOI: http://dx.doi.org/10.15270/48-4-29


- Deur betroubaarheid moet die navorser rekenskap gee van veranderinge in die verskynsel wat ondersoek word. Prosedures van die ondersoek moet dus gedokumenteer en nagevolg word.
- Bevestigbaarheid verwys daarna dat die bevindinge duidelik ooreenstem met die data en nie net deur die navorser veronderstel word nie. Die bevindinge in die studie moet ook deur ŉ ander studie bevestig word.

## PROSEDURES

Adolessente dogters wat weens selfmoordpogings by die Potchefstroom Hospitaal in die Noordwes Provinsie opgeneem is, is genader. Die navorser kon toegang tot hierdie dogters verkry deur haar betrokkenheid as student maatskaplike werker by Potchefstroom Hospitaal. ŉ Aantal adolessente dogters wat selfmoordpogings aangewend het, en deur middel van persoonlike kontak met die navorser, van die studie te hore gekom het, het vrywilliglik deelgeneem.

ŉ Doelgerigte steekproef is binne die nie-waarskynlikheid seleksiegroep gebruik met ŉ totaal van 10 adolessente dogters wat aan hierdie studie deelgeneem het. Adolessente dogters is genader totdat dataversadiging bereik is (Naidoo, 2010:59). Volgens die navorser bestaan die doelgerigte steekproef uit elemente wat die mees tipiese eienskappe van adolessente dogters met selfmoordgedrag verteenwoordig (De Vos *et al*., 2011:232; Naidoo, 2010:58).

Kwalitatiewe verkennende studies lei tot insig en begrip, eerder as insameling van detail, en sluit tipies die gebruik van indiepte-onderhoude in (Mitchell & Jolley, 2010). Die navorser het gebruik gemaak van semi-gestruktureerde indiepte-onderhoude as ŉ kwalitatiewe data-insamelingsmetode. Die semi-gestruktureerde, beplande onderhoud bestaan uit ŉ minimum aantal rigtinggewende vrae of vooraf-gedefinieerde vrae, om die narratiewe van individue te ontlok (Gibson & Brown, 2009:86; Naidoo, 2010:60; Royse, 2011:264). Om die psigososiale behoeftes van hierdie dogters te bepaal is die semi-gestruktureerde onderhoudriglyn-metode van Patton (2002:343-345) toegepas.

## ETIESE ASPEKTE

Aangesien die studie intieme betrokkenheid met enkele deelnemers behels, het die navorser etiese prosedures spesifiek in ag geneem. Die navorser het vooraf toestemming van die Potchefstroom Hospitaal en die superintendent verkry, asook van die Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus, se Etiekkomitee, met goedkeuringsnommer NWU-00016-09-S1 om met die navorsing voort te gaan.

In hierdie studie het, soos deur De Vos *et al*. (2011:114-119) aangedui, die vermyding van emosionele skade, ingeligte toestemming, privaatheid, vertroulikheid en anonimiteit aandag geniet. Ter vermyding van emosionele skade was deelnemers vooraf ingelig rakende die potensiële impak van die navorsing. Deeglike inligting was ook vooraf aan die deelnemers gegee rakende die doel en prosedure van die navorsing en ook rakende die geloofwaardigheid van die navorser self. Deelnemers kon sodoende ingeligte instemming gee tot hulle deelname deur ŉ instemmingsvorm te teken. Waar dogters minderjarig was, het hulle ouers ingeligte toestemming gegee.

## DATAVERWERKING

Deur middel van data-insameling kon die navorser vasstel watter patrone of temas na vore kom (Patton, 2002:239). ŉ Semi-gestruktureerde onderhoudsriglyn is gevolg tydens die stel van oop vrae, en die navorser het deur die afneem van notas en aantekeninge ŉ tematiese analise van die

data gedoen. ŉ Medekodeerder is benut om data onafhanklik te interpreteer. Dataverwerking is volgens Creswell (2009:186) se agt stappe vir kwalitatief gegenereerde data gedoen.

Dataversadiging word bereik wanneer die analisering daarvan herhaling en bevestiging van bevindinge uitwys eerder as dat dit daarop uitbrei (Royse, Thyer & Padgett, 2010:93). Toe geen nuwe temas na vore gekom het nie, is dataversadiging bereik. Vervolgens dan ŉ bespreking van die temas en subtemas wat na vore gekom het.

## BESPREKING VAN BEVINDINGE

Die bevindinge word weergegee aan die hand van die ingesamelde kwalitatiewe data. Kwalitatiewe navorsing help om die relatief onbekende terrein rakende die behoeftes van adolessente dogters wat selfmoordgedrag toon, te ondersoek, om sodoende die selfmoordpogingverskynsel beter te verstaan (Dane, 2011:9-10). In die verstaan van hierdie verskynsel en die identifisering van behoeftes kan moontlike hulpverleningstrategieë dus ontwerp word.

**TABEL 1**
**IDENTIFISERENDE BESONDERHEDE VAN DEELNEMERS**

| Deelnemer | Ouderdom | Huidige aktiwiteit | Kultuur groep | Ouers teenwoordig |
|---|---|---|---|---|
| **1** | 19 jaar | Werkloos | Swart | Ma teenwoordig en betrokke,<br>Pa oorlede |
| **2** | 18 jaar | Skolier | Swart | Ma teenwoordig en betrokke,<br>Pa oorlede |
| **3** | 15 jaar | Skolier | Swart | Ma teenwoordig maar onbetrokke<br>Pa oorlede |
| **4** | 17 jaar | Skolier | Blank | Ma teenwoordig en betrokke,<br>Pa weggeloop |
| **5** | 17 jaar | Skolier | Swart | Ma teenwoordig en betrokke,<br>Pa weggeloop |
| **6** | 20 jaar | Skolier | Swart | Ma teenwoordig en betrokke,<br>Pa teenwoordig en betrokke |
| **7** | 18 jaar | Skolier | Blank | Ma teenwoordig maar onbetrokke<br>Pa teenwoordig maar onbetrokke |
| **8** | 19 jaar | Student | Swart | Ma teenwoordig maar onbetrokke<br>Pa teenwoordig maar onbetrokke |
| **9** | 18 jaar | Skolier | Blank | Ma teenwoordig maar onbetrokke<br>Pa teenwoordig maar onbetrokke |
| **10** | 21 jaar | Student | Swart | Ma teenwoordig en betrokke,<br>Pa oorlede |


Die gemiddelde ouderdom van die dogters is 18 jaar, waarvan die meerderheid nog skoolgaande en afkomstig van die swart kultuur is. Die meeste van die dogters se ma's is teenwoordig en betrokke by hulle lewens, terwyl 9 uit die 10 dogters se pa's onbetrokke is. In gevalle waar hulle nie weggeloop het of oorlede is nie, is hulle emosioneel afwesig en onbetrokke, ten spyte daarvan dat hulle wel teenwoordig is in die dogters se lewens.

Die subtemas beskryf nie noodwendig die direkte behoeftes van die adolessente nie, maar beskryf aspekte wat aanleiding gee tot die oorkoepelende psigososiale behoeftes wat insluit: (1)

die behoefte aan liefde en aanvaarding, (2) die behoefte aan kommunikasie en (3) die behoefte aan ŉ seker toekoms.

In die meeste gevalle was die oorhoofse behoeftes dus meer indirek uitgespreek en die navorser het sodoende die volgende kategorieë (skematies uiteengesit in Figuur 1) as temas geïdentifiseer.


**FIGUUR 1**
**BEHOEFTES VAN ADOLESSENTE DOGTERS**




Na aanleiding van bogenoemde behoeftekategorieë maak verskeie subtemas ook deel uit van die hooftemas. Tema 1 en subtemas word in Figuur 2 voorgestel:

**TEMA 1: BEHOEFTE AAN LIEFDE EN AANVAARDING**

**FIGUUR 2**
**LIEFDE EN AANVAARDING WORD IN 3 SUBTEMAS VERDEEL NAAMLIK**



http://socialwork.journals.ac.za
DOI: http://dx.doi.org/10.15270/48-4-29



Die volgende drie subtemas word hier onderskei:

**Swak selfkonsep**

Uit die onderstaande stellings word swak selfkonsep onder hierdie dogters afgelei:

> *"Ek voel soos 'n mislukking, en dom – daar is niks wat ek kan regkry nie."*
>
> *"Ek voel teleurgesteld, dom en kwaad vir myself"*
>
> *"Ek was teleurgesteld in myself dat ek in 'n seksuele verhouding was."*
>
> *"Ek kon nie myself wees nie, ek het myself verloor. Ek wou naar raak as ek myself sien."*
>
> *"Ek weet nie, dit is moeilik, miskien – nee daar is niks van myself waarvan ek hou nie."*
>
> *"Ek voel vasgevang deur hierdie persoon (ek) en wie ek nou is."*
>
> *"Ek sukkel baie om van myself te hou. Ek hou nie van my hande nie en my ligte vel en die res."*

Hierdie dogters voel baie duidelik dat hulle nie aanvaarbaar is nie en eerder 'n las vir die samelewing is. Die enigste opsie waaraan hulle kon dink om hulle probleme op te los was om van hulleself ontslae te raak.

> *"Ek het gevoel, as ek dan die oorsaak en bron is van kwaad in ons huis is – laat ek dit dan elimineer."*
>
> *"Ek was onaanvaarbaar."*

Hierdie meisies, voel heel duidelik dat hul nie aanvaar word nie en eerder die bron van kwaad en 'n las in die huis en samelewing is. Adolessente, en veral dogters, ervaar gemengde gevoelens van onsekerheid en verwarring oor wie hulle is. Die gevolg is, lae akademiese prestasie, verhoudingsprobleme en gemoedsversteurings (Gouws, Kruger & Burger, 2008:63; Melgosa & Melgosa, 2007:152). Dieselfde onsekerheid en verwarring is opgemerk by die deelnemers se sienings oor hulleself en in die wyse waarop hulle lewenstressors hanteer het. Hierdie lewenstressors sluit onder andere egskeiding van ouers, konflik en romantiese of verhoudingsprobleme in (Anon, 2005).

Identiteitsontwikkeling as 'n identifiserende taak van die adolessensiejare oefen ook 'n groot invloed op hulle selfkonsep uit, met gevoelens van selftwyfel, onsekerheid en lae selfagting. Hulle is geneig om tydelike afname in hulle selfagting te ervaar weens die veranderinge wat met puberteit gepaard gaan, asook kognitiewe en sosiale ontwikkelinge. Faktore soos gesinsdisorganisasie, 'n gebrek aan ouerlike liefde en ondersteuning en 'n gebrek aan betekenisvolle verhoudings kan adolessente se selfkonsep negatief beïnvloed (Anon, 2005; Louw, Van Ede & Louw, 1998:439).

Identiteit help 'n persoon om homself as 'n individu te beskou, 'n besitter van unieke eienskappe en kwaliteite (Melgosa & Melgosa, 2007:156). Identiteitsverwarring ontstaan wanneer die adolessent geen besluite oor haarself of haar rolle kan neem nie en ook nie oor die vermoë beskik om self besluite te neem nie. Hierdie toestand van verwarring wek angs, apatie of vyandigheid teenoor bepaalde rolle en waardes en kan ook manifesteer in tekens van 'n negatiewe identiteit. Hierdie negatiewe identiteit dui op besluite oor 'n persoon se identiteit wat op ander se verwagtings gebaseer is, soos die van die portuurgroep. Die negatiewe identiteit dui ook op 'n besluit om die teenoorgestelde te wees en op te tree as wat van jou verwag word (Louw *et al.*, 1998:432).

http://socialwork.journals.ac.za
DOI: http://dx.doi.org/10.15270/48-4-29


Die medekodeerder het ook die behoefte aan die ontdekking van ŉ identiteit uitgelig en die waarde wat die ontdekking van uniekheid en individualisme inhou. ŉ Verskeidenheid identiteitstatusse, soos in Louw *et al*. (1998:439) bespreek, wat tydens die adolessente fase bereik word, blyk ook ŉ invloed op die adolessent se persoonlikheid te hê. Adolessente wat reeds ŉ vaste identiteit verkry het, het ŉ gesonde selfkonsep, is minder emosioneel en minder selfbewus en op hulleself gefokus as die wat in die identiteitsverwarringstatus verkeer. Die adolessente wat identiteitsverwarring ervaar, is geneig om apaties en passief te wees en ŉ gevoel van hopeloosheid te ervaar.

Uit die aanhalings hierbo is dit duidelik dat die deelnemers ŉ swak selfkonsep toon. Dit blyk ook minder waarskynlik dat ŉ dogter haarself as onaanvaarbaar sal beskou terwyl sy liefde en aanvaarding van haar ouers en vriende ontvang.

**Ouerlike verwerping**

Ouerlike verwerping wat dogters volgens hierdie studie ondervind het, spreek duidelik uit onderstaande stellings.

> *"Ek het gehoop my ouers sou inspring en oorneem – dat hulle my sou aanvaar en belangstel."*

> *"Hulle het huweliksprobleme van hulle eie gehad en ek het dit net erger gemaak. Hulle het nie nog tyd vir my ook gehad nie."*

Gevoelens van afkeur en nie-aanvaarding word uit bogenoemde aanhalings afgelei, wat die subtema van ouerlike verwerping na vore bring.

> *"Die selfmoord poging het nie eers gehelp om hulle aandag te kry nie, ek was back to square one."*

Hierdie meisie se ouers het haar in ŉ skoolkoshuis op hoërskool geplaas en selde kontak gemaak. Dit het vir haar gevoel asof hulle van haar wou vergeet.

Volgens Antaramian, Huebner en Valois (2008:114) se studie oor lewensbevrediging van adolessente blyk dit dat gesinsverhoudings vir adolessente meer waarde inhou as portuurgroepverhoudings. Vir adolessente word lewensbevrediging geassosieer met die betrokkenheid van ouers, positiewe ouer-kindverhoudings en ouerlike ondersteuning. Hoë vlakke van ouerlike ondersteuning is bevind ŉ belangrike faktor te wees by hoë vlakke van lewensbevrediging. Adolessente wat gereeld konflik en argumente met hulle ouers beleef, toon daarteenoor laer vlakke van lewensbevrediging.

ŉ Groot behoefte onder die adolessente dogters om deur die eie (hier is dit die ouers) aanvaar en liefgehê te word is ook deur die medekodeerder beklemtoon, met verwerping as die subtema.

Adams en Berzonsky (2003:555) beskryf hoedat lae vlakke van materne aanvaarding geassosieer word met ŉ afname in die eiewaarde onder jong adolessente. Lae vlakke van paterne aanvaarding en warmte word weer geassosieer met kognitiewe risikofaktore by ouer adolessente. ŉ Gebrek aan ouerlike belangstelling en ondersteuning het ŉ negatiewe effek op die adolessent en kan lei tot swak skoolwerk, ŉ lae selfkonsep, swak sosiale aanpassing en anti-sosiale gedrag. Een manier vir ouers om liefde te betoon en sodoende aan die adolessent se selfkonsep te bou, is deur haar te ken en te aanvaar soos sy is (Adams & Berzonsky, 2003:62; Gouws *et al*., 2008:68).

Die essensie van Carl Rogers (in Dwairy, 2010:30) se teorie is dat aanvaarding en onvoorwaardelike positiewe agting die basis is van geestesgesondheid en dat verwerping die basis is van verstandelike versteurdheid. Verwerping kwes nie net die kind se selfkonsep nie, maar vervreem die kind van sy/haar ware identiteit.

Negatiewe inwerking op die psigologiese aanpasbaarheid en gedragsfunksionering van beide kinders en volwassenes word grootliks deur verwerping veroorsaak (Dwairy, 2010:30). Hierdie verwerping word in vier verskillende manifestasies ervaar. Die stellings van die adolessente dogters is by elkeen aangeheg om die onderskeie manifestasies van verwerping te verduidelik, naamlik:

- koud en liefdeloos, "*My pa is streng, ek kan nooit met hom praat nie*."
- vyandig en aggressief, "*My oom sê ek is nie familie nie, ek is sleg en vloek my*."
- onverskillig en verwaarlosend, "*Hulle het my in die koshuis gesit, en nooit kontak gemaak nie*." – Hierdie dogter se ouers het haar in ŉ skoolkoshuis op hoërskool geplaas en selde daarna kontak gemaak. Dit het vir haar gevoel asof hulle van haar wou vergeet. Sy het intense verwerping deur haar ouers ervaar.
- ondefinieerbare verwerping – wat so deur die kind ervaar word, sonder enige direkte aanduiding van ouerlike verwerping; "*My ouers het niks goeie dinge om meer vir my te sê nie*."

Al vier bogenoemde manifestasies van verwerping is deur die deelnemers ervaar. Ouerlike verwerping impliseer dus die afwesigheid of afname in ouerlike warmte, liefde, toegeneentheid, versorging, troos, belangstelling, ondersteuning en liefde. Liefde en aanvaarding, as ŉ noodsaaklike behoefte by adolessente dogters met selfmoordgedrag, is dus gegrond in verhoudings en die mate van betrokkenheid van die ouers.

Met betrekking tot die gesinslewe het ŉ groot verskeidenheid navorsing, wat onder verskeie kulture onderneem is, bewys dat ouerskap wat gepaard gaan met hoë vlakke van warmte en responsiwiteit aan die eenkant en toegepaste dissipline (streng gedragsbeheer en -vereistes) aan die ander kant, van kritieke belang is vir die gesonde ontwikkeling van adolessente (Adams & Berzonsky, 2003:62).

**Portuurgroepverwerping**

Portuurgroepverwerping wat deur hierdie dogters ondervind is, spreek duidelik uit onderstaande aanhalings.

> *"My vriende skinder van my."*
>
> *"My vriende het my in die rug gesteek."*
>
> *"As ek my vriendin vertel dat ek selfmoord gepoog het, moet sy nie met my baklei en sê ek is verkeerd nie."*
>
> *"Ek wou liefde en aandag en aanvaarding hê by my vriende, maar het dit nooit gekry nie."*

Bogenoemde aanhalings beklemtoon hoe sterk die dogters afkeur en nie-aanvaarding uit die portuurgroep ervaar. Wanneer ŉ adolessent die beëindiging van ŉ romantiese verhouding deurmaak, kan hy/sy ook intense verwerping ervaar.

> *"Deur die pille te drink, wou ek my ou se aandag kry en hom terugkry omdat hy my gelos het."*

http://socialwork.journals.ac.za
DOI: http://dx.doi.org/10.15270/48-4-29


*"Ek wou kyk of my ou nog vir my sal omgee as ek iets oorkom."*

Die gevolge hiervan kan wissel van hartseer gevoelens tot hoërisikogedrag (Rush-Wilson, Trippany & Gilliam, 2010:2). Die meeste van die deelnemers in hierdie ondersoek het intense verwerping beleef na die verbreking van ŉ romantiese verhouding wat gevolglik in ŉ selfmoordpoging ontaard het. Die adolessente dogters toon ŉ algehele onvermoë om emosies rakende romantiese verhoudings te hanteer en te verwerk.

Om wraak te neem, te manipuleer en aandag te kry is hier ŉ sterk motivering vir selfmoordpogings volgens die medekodeerder – nie noodwendig altyd met die doel om te sterf nie. Die adolessente dogters wend hulle tot die teenoorgestelde geslag om "liefde" en "aandag" te kry, wat hulle nie in die ouerhuis kry nie.


Adolessente ervaar gevoelens van onsekerheid rakende hulle selfkonsep en beskou hulleself min of meer afhanklik van vriende se menings. Om aan die verwagtinge van die portuurgroep te voldoen is noodsaaklik vir die voorkoming van alleenheid, die verlies aan vriende en uiteindelik die verlies van identiteit, omdat identiteit ook gegrond is in spesifieke rolle, naamlik die van ŉ vriend of vriendin (Engels, Kerr & Stattin, 2007:47). Wanneer jy dan ŉ vriend of vriendin verloor, val jou rol as vriend en vriendin weg en verloor jy dus daardie identiteit.

Engels *et al*. (2007:34), asook Melgosa (2007:153) beklemtoon die belangrikheid van portuurgroepe en die behoort tot ŉ groep as noodsaaklik in die ontwikkeling van ŉ sin van sosiale welstand. Die mislukking om ŉ groep te vind waarmee die individu kan assosieer, kan lei tot kommer oor die individu se eie sosiale bevoegdheid en begeerlikheid as persoon, eensaamheid en selfs depressie.

Dit is dus van kardinale belang om te voorsien in die behoefte aan liefde en aanvaarding van adolessente dogters, om sodoende ŉ swak selfkonsep en ervarings van verwerping onder adolessente dogters teen te werk.

**TEMA 2: BEHOEFTE AAN KOMMUNIKASIE**

**FIGUUR 3**
**DIE BEHOEFTE AAN KOMMUNIKASIE WORD IN 3 SUBTEMAS VERDEEL, NAAMLIK**




Die volgende drie subtemas word ten opsigte van Kommunikasie onderskei:

**Uiting van emosie**

Uit onderstaande stellings word die behoefte om uiting te gee aan intense emosies onder hierdie dogters afgelei.

> *"Ek het nie gedink nie en ek wou myself bewys."*
>
> *"Ek kon nie met my ma praat nie, sy is so moeilik."*
>
> *"Ek wou dinge uitpraat in plaas daarvan om alles te los, laat dit borrel."*
>
> *"Ek wil hê my ma moet luister en iets probeer doen."*

Uit bogenoemde stellings kom dit baie sterk na vore hoe intens die adolessente dogters emosies beleef en die behoefte het om dit te hanteer en te verwerk.

> *"Ek loop met baie kwaad, ek is baie impulsief."*
>
> *"Ek het myself gesny om van die ergste emosie ontslae te raak."*
>
> *"Ek het geen emosie oorgehad nie, ek het net almal gehaat."*

Wanneer die dogters dringend behoefte daaraan het om te kommunikeer oor die dinge wat hulle pla en hulle dan vind dat ŉ geleentheid ontbreek om uiting te gee aan hulle emosies, bou die behoefte toenemend op, wat uiteindelik in negatiewe gedrag tot openbaring kom.

Kgosimore en Makofane (2006:93) beskryf die adolessent as ŉ biologies volwasse, maar nog emosioneel onvolwasse persoon. Adolessente is geneig om minder uitermatig positiewe emosies en meer negatiewe emosies te ervaar as jonger kinders. ŉ Toename in woede en depressie is by dogters geïdentifiseer, terwyl seuns sowel positiewe as negatiewe emosies gerapporteer het. Hierdie veranderinge word hoofsaaklik veroorsaak deur ŉ styging in die hormoonvlakke.

Gemoedskommelinge kom ook meer dikwels voor, wat die indruk skep dat hulle minder stabiel is. Gemoedskommelinge hou waarskynlik ook verband met die situasie waarin hulle hul bevind en hulle beweeg meer dikwels van een situasie na ŉ ander. Hulle sal byvoorbeeld opgewek wees wanneer hulle by hulle vriende is, maar bedruk in die klaskamer of by die huis (Louw *et al.*, 1998:439,440).

Ouers maak adolessente se belewenisse van romantiese verhoudings dikwels bloot af as "muisneste". Emosionele ontwikkeling wat plaasvind in adolessente beklemtoon egter die feit dat emosies wat tydens romantiese verhoudings ervaar word, opreg en intens beleef word.

Kompulsiewe emosies soos skuld, skaamte en verleentheid word meer intensief ervaar weens die feit dat adolessente geneig is om op hulleself te fokus (Louw *et al.*, 1998:440). In sy studie oor die behoeftes van adolessente wat hulle tot selfmoordpogings wend, het Alpaslan (2003:260) bevind dat gevoelens van eensaamheid, verwerping, hopeloosheid, minderwaardigheid, innerlike woede en irritasie dié is wat met selfmoordgedrag gepaard gaan.

Die medekodeerder beklemtoon die feit dat vermyding van probleme, ŉ makliker uitweg blyk te wees as om dit by die horings te pak. Selfmoordneigende adolessente toon swak probleemoplossingsvaardighede en ŉ onvermoë om meervoudige strategieë te oorweeg wanneer hulle stresvolle gebeure beleef (Roswarski & Dunn, 2009:39; Schlebusch, 2005:96). Volgens Schlebusch (in Badat & Ajam, 2007:23) is ŉ selfmoordpoging vir ŉ adolessent nie voortgedryf deur die aanloklikheid van die dood nie, maar eerder deur die verlossing van die emosionele pyn wat vir hom of haar ondraaglik geword het. Die adolessente dogters in hierdie

studie het juis nie die geleentheid en vermoë om hulle negatiewe emosies te hanteer en te verwerk nie en soek dus na ŉ uitweg – wat dan selfmoordgedrag meebring.

Depressiewe adolessente oordramatiseer maklik ŉ situasie, beskik oor lae frustrasietoleransie en stel onrealistiese verwagtings vir hulleself en ander (Adams & Berzonsky, 2003:554). Adolessente dogters moet leer om op ŉ konstruktiewe wyse by lewenstressors aan te pas. Dit is dus van kritieke belang dat bystand verleen moet word om hierdie dogters te help om hul hanteringsvaardighede te verbeter (Vashchenko *et al.*, 2007:245). Deur middel van lewensbegeleiding kan effektiewe bystand verleen word om lewenstressors op ŉ konstruktiewe manier te hanteer.

**Gehaltetyd**

Die behoefte by hierdie dogters aan gehaltetyd met belangrike ander spreek duidelik uit onderstaande aanhalings van opmerkings wat hulle in hierdie verband gemaak het.

> *"My ma was nie beskikbaar toe ek haar nodig gehad het nie."*
>
> *"Ek het my ma gebel, maar sy kon nie betyds by my uitkom nie. Ek het iemand nodig gehad – My ma het klere gestryk en ek het gevoel die stryk is belangriker as ek."*
>
> *"Ons sit nie saam en praat nie."*
>
> *"My ma moet meer tyd met ons kinders spandeer."*
>
> *"Wanneer ek wel by my ouers gaan kuier, is hulle altyd te besig om nog aan my ook aandag te gee."*

"Liefde is tyd" is ŉ opmerking wat dikwels gemaak word – ŉ uitdrukking wat groot ŉ waarheid bevat. Liefde word bewys deur die tyd wat jy aan iemand bestee. Dit is vir die adolessente dogters onmoontlik om hulle emosies te ontlaai en te kommunikeer wanneer daar nie gehaltetyd aan hulle afgestaan word nie. Dit is duidelik dat die adolessente dogters ŉ behoefte daaraan het om te kommunikeer, maar hulle ervaar dat hulle ouers nie vir hulle tyd het nie en dat daar niemand is om na hulle te luister nie.

Interpersoonlike effektiwiteit is die mate waarin die gevolge van jou gedrag ooreenstem met jou bedoelings. Interpersoonlike effektiwiteit hang af van jou vermoë om duidelik te kan kommunikeer wat jy wil sê (Johnson, 2006:5). Sonder gehaltetyd kan daar nie optimaal in die behoefte aan kommunikasie voorsien word nie. Vir elke adolessent om effektief te kan kommunikeer, het hulle ook ŉ oor nodig wat sal luister. Volgens Gouws *et al*. (2008:68) kla adolessente gereeld dat hulle ouers nie luister na hulle idees nie en nog minder probeer om hulle sienings te verstaan.

Adolessente is vasgevang tussen kind-wees en volwasse-wees, wat tot frustrasie en verwarring by hulle lei. Alhoewel hulle nie meer soos kinders behandel wil word nie, ervaar hulle nog talle emosies van vrees en onsekerheid (Leming & Dickinson, 2007:324). Om hierdie emosies te kan kommunikeer is daar egter ŉ persoon nodig wat tyd sal afstaan om te luister, al is daar nie noodwendig werklike ŉ oplossing vir die situasie of krisis nie.

Die beskikbaarheid van ouers en iemand wat sal luister, word sterk deur die medekodeerder uitgelig. Oueropvoeding in die samelewing word aanbeveel. Adolessente wat selfmoord oorweeg, kommunikeer dikwels hulle versugtinge om hulp, alhoewel ouers nie notisie daarvan neem nie. Sonder die aandag van die ouers ervaar die adolessent dan dat daar geen ander heenkome ten opsigte van hulp is nie, en lewensbedreigende gedrag blyk dan ŉ meer aantreklike opsie te wees (Roswarski & Dunn, 2009:35).

http://socialwork.journals.ac.za
DOI: http://dx.doi.org/10.15270/48-4-29



**Vertroue**

Onderstaande stellings spreek duidelik van die behoefte, onder hierdie dogters, aan ŉ vertroueling.

> *"Ek het nie gepraat nie. Ek is bang om te praat, want ek wil nie hê my ma moet haarself oor my bekommer nie."*
>
> *"My ouers moet my nie oordeel oor wat ek gedoen het nie, en die situasie aanvaar soos dit is."*
>
> *"Ek kon nie met haar (my ma) praat nie, ek is bang om met haar te praat, want die dinge wat ek gedoen het is disrespekvol."*
>
> *"Ek wil nie verander nie, ek is bang ek gaan maklik seerkry."*
>
> *"Ek wil hê my ouers moet na my luister en my nie oordeel nie – hulle moet my standpunt insien."*
>
> *"Ek was te bang om met iemand te praat. Ek wou nie hê dit (selfmoordpoging) moet uitkom nie."*

Dit is duidelik dat die dogters gevrees het om veroordeel en/of verwerp te word en seer te kry. Hierdie vrees loop hand aan hand met wantroue in hulle ouers en vriende. Dit is ook duidelik dat die adolessente dogters aan die een kant huiwerig is om met hul ouers te praat omdat dié te bekommer sou raak, en aan die ander kant, omdat die ouers te veel met hulle sou raas. Gebrekkige vertroue in die ouer-figuur tree dus sterk op die voorgrond. Goeie kommunikasie laat die adolessent voel dat sy verstaan en aanvaar word, terwyl gebrekkige kommunikasie teleurstelling en misverstande meebring (Melgosa & Melgosa, 2007:44).


Tyd leer ons om mekaar te verstaan, dit leer ons om mekaar te vertrou en bied die vermoë om makliker te kommunikeer. Sonder vertroue in hulle ouers het die adolessente dogters nie die vrymoedigheid om hulle gedagtes, gevoelens en idees met hulle te deel nie. Sommige ouers is onsensitief rakende hulle kinders se gevoelens of buie, en reageer dan sonder om hulle kinders se gevoelens en gedagtes in ag te neem. Vertroue in die adolessent ontbreek ook by ouers as gevolg van hulle eie vrese en onsekerhede.

ŉ Hoë vertrouensvlak skep die geleentheid dat probleme bespreek en hanteer kan word, voordat dit buite beheer raak. Wantroue, daarteenoor, is geneig om probleme te skep met betrekking tot kommunikasie. Wanneer die adolessente dogter haar ouers of vriende nie kan vertrou nie, word die doel van haar kommunikasie meer selfbeskermend in ŉ poging om angs te verminder, in plaas daarvan dat sy inligting akkuraat oordra. Sekere inligting word dus in die proses weerhou, ontwyk of verdraai soos in bogenoemde stellings waargeneem word (Johnson, 2006:99).

http://socialwork.journals.ac.za
DOI: http://dx.doi.org/10.15270/48-4-29


**TEMA 3: BEHOEFTE AAN ’N SEKER TOEKOMS**

**FIGUUR 4**
**DIE BEHOEFTE AAN ’N SEKER TOEKOMS KAN IN 2 SUBTEMAS VERDEEL WORD, NAAMLIK**




Loopbaankeuses en hoop word hier as die subtemas onderskei:

**Loopbaankeuses**

Onderstaande stellings verwoord die toekomsdrome van die adolessente dogters.

> *“Ek droom om universiteit toe te gaan.”*
>
> *“Ek droom om eendag ’n prokureur te word.”*
>
> *“My droom is om ’n soldaat te word.”*
>
> *“Ek wil ’n besigheidsvrou in die toekoms wees.”*
>
> *“Ek wil in die advertensie wêreld ingaan.”*

Uit die aangehaalde stellings is dit duidelik dat die adolessente dogters groot drome het om eendag te werk en onafhanklik te wees. Die keuse en voorbereiding van ȇn beroep is een van die belangrikste take van adolessensie en dra by tot die definiëring van ȇn identiteit (Louw *et al.*, 1998:441).

Adolessente moet aangemoedig word om die wêreld van werk te verken. Dit kan informeel gedoen word deur talente en stokperdjies te beoefen. Kennis rakende beroepe word ook verkry deur die vakke wat adolessente op skool bestudeer en deur middel van deeltydse werkervaring. Elke aspek van die lewe bied geleenthede vir leer en kennismaking met die wêreld van werk. Gevolglik raak adolessente dan geïnteresseerd in ȇn beroep waarin hulle makliker aansien sal verwerf, die beroep wat geld vir hulle sal genereer en die beroep wat hul kanse op persoonlike groei sal verbeter (Adams & Berzonsky, 2003:111,115). Die keuse van ȇn loopbaan sluit dus ȇn volledige proses van besluitneming in.

Die beroep-besluitnemingsproses behels ȇn proses van selfondersoek asook ȇn proses van ondersoek na beroepsmoontlikhede. Dit wil ook voorkom of die deelnemers se begrip van beroep nog gebrekkig is. Hulle belangstellings, behoeftes en vermoëns is nog besig om te ontplooi en is dus onderhewig aan verandering (Louw *et al.*, 1998:442). Adams en Berzonsky

http://socialwork.journals.ac.za
DOI: http://dx.doi.org/10.15270/48-4-29



(2003:116) noem spesifieke modelle wat die besluitnemingsproses beskryf en spesifieke fases, naamlik bewuswording, beplanning, verbintenis en implementering.

Ouers oefen ook ŉ belangrike invloed uit op hul kinders se beroepsbelangstelling. Wanneer die ouers hoë ideale vir hul kinders koester, hul aanmoedig en goeie prestasie beloon sal die kinders ook hoë beroepsideale nastreef. Wanneer die ouer-adolessentverhouding deur begrip vir mekaar en nabyheid gekenmerk word, bevorder dit ook beroepsidentiteitsontwikkeling (Louw *et al.*, 1998:448).

**Hoop**

ŉ Hoopvolle uitkyk op die lewe onder die adolessente dogters spreek duidelik uit onderstaande stellings.

> *"Hoop is lig"*
>
> *"Hoop beteken: om geloof te hê dat jy eendag sal kry wat jy wil hê en dat alles oukei gaan wees."*
>
> *"Glo in geluk en in jou toekoms en dat dinge sal regkom"*
>
> *"Ek droom in die nagte dat ek in 'n arend verander en wegvlieg."*
>
> *"Ek wil hê dit moet beter wees as wat dit nou is, ek moet doelwitte stel."*
>
> *"Ek droom vir 'n gelukkige familie."*

Met hierdie omskrywings van die betekenis van die woord "hoop" toon die adolessente dogters steeds ŉ groot mate van hoop. Die drome en verwagtinge wat uitgespreek word, beklemtoon die behoefte aan ŉ seker en sinvolle toekoms, ten spyte van hulle huidige omstandighede.

Toe die adolessente dogters versoek is om hulle eie definisie van die woord "hoop" te gee het hulle in bostaande uitinge goeie insig getoon in wat "hoop" behels. Dit is ŉ goeie aanduiding van die mate van hoop wat hulle steeds koester, aangesien hoop en drome hand aan hand loop. Selfs al klink ŉ droom buite bereik, is dit noodsaaklik om aan daardie droom/hoop vas te hou en selfs daarop voort te bou, met die oog op selfmoordvoorkoming.

Volgens Leming en Dickinson (2007:323) dui adolessente selfmoordpogings eerder op ŉ uitroep om hulp – ŉ respons op die bewuswording van pynlike lewensomstandighede en die afwesigheid van hoop. Selfmoordpogings is dus in hierdie gevalle ŉ poging om persoonlike outonomiteit te herstel, wat gemotiveer word deur die adolessent se dors na ŉ betekenisvolle lewe.

Hoop word tans in die positiewe sielkunde en in die gesonde psigologiese ontwikkeling van jongmense as ŉ sterkte beskou. Hoop kan dien as ŉ buffer ter beskerming van individue teen risikofaktore soos stresvolle lewensgebeure. Dit stem ook ooreen met adolessente se algehele lewensbevrediging. Valle, Huebner en Suldo (2006:394-404) se studie bewys dat, hoe meer hoop die adolessent toon, hoe meer lewensbevrediging sal hy/sy ervaar en ook positiewe hanteringsvaardighede tydens stresvolle lewensgebeure aanwend.

Selfmoord kan voorkom word deur aan die selfmoord-risikopersoon geleenthede te gun wat sy wens om te lewe versterk (Kgosimore & Makofane, 2006:96). Individue met hoop beskou die toekoms as ryk aan moontlikhede en as iets positiefs om voor te leef en te ondervind, eerder as iets om te vernietig en sodoende die toekoms te ontvlug. Hoop is moontlik die belangrikste bron van motivering en die mees sentrale emosie rakende die toekoms. Veerkragtigheid is op sy beurt ŉ interessante voordeel wat uit hoop voortspruit. Wanneer persone moeilike

http://socialwork.journals.ac.za
DOI: http://dx.doi.org/10.15270/48-4-29


persoonlike situasies moet hanteer, sal dié wat in ŉ oplossing glo, makliker die nodige motivering bekom om die situasies te kan hanteer (Melgosa & Melgosa, 2007:64).

## GEVOLGTREKKING

Om gepaste hulpverlening aan hierdie dogters te kan bied moet daar aan hulle psigososiale behoeftes voldoen word. Uit die onderhoude het daar dus drie oorhoofse behoeftes op die voorgrond getree. Die behoefte aan liefde en aanvaarding, die behoefte aan kommunikasie en die behoefte aan ŉ seker toekoms.

Die gebrek aan liefde en aanvaarding word sterk beklemtoon deur die swak selfkonsep van die adolessente dogters en die verwerping wat hulle deur beide hulle ouers en hulle portuurgroep ervaar. Sonder liefde en aanvaarding van dié belangrike ander, kan adolessente dogters ook nie hulleself aanvaar nie en ŉ negatiewe selfkonsep spruit daaruit voort. Gedurende adolessensie as ŉ noodsaaklike tydperk van identiteitsontwikkeling en -vorming, bestaan daar dan gevoelens van onsekerheid en verwarring.

Konflik en die verbreking van romantiese verhoudings kom sterk na vore en dra ook by tot die verwerping wat hulle ervaar. Baie van die meisies plaas al hulle vertroue in hulle romantiese vriende, omdat daar geen ander mans- of vaderfiguur by hulle lewens betrokke is nie. Die adolessente dogters ervaar ook makliker aanvaarding van hulle vriende en vriendinne, veral wanneer hulle nie liefde en aanvaarding in die ouerhuis ontvang nie. Sodra hulle verwerping in hierdie verhoudings ervaar, weet hulle dan nie tot wie hulle hul kan wend nie en beskou selfmoord dan as die enigste uitweg.

Adolessente dogters beleef hulle emosies intensief en toon ŉ groot behoefte om dit te hanteer en te verwerk. Om uiting te kan gee aan intense emosies, het die dogters egter iemand wat hulle kan vertrou nodig om mee te kommunikeer sodat probleme bespreek en hanteer kan word. Die studie bewys dat die dogters vrees om hul probleme met hul ouers te bespreek en dat hulle hulleself en hul ouers wantrou.

Dit is duidelik dat die adolessente dogters uiters impulsief optree wanneer hulle deur ŉ probleem in die gesig gestaar word. Omdat daar nie ŉ vertroueling en probleemoplossings-moontlikhede in hulle verwysingsraamwerk bestaan nie, blyk selfmoord dan die maklikste "probleem-oplosser" te wees.

Dit is vir die dogters noodsaaklik om te weet dat daar hulp buite die ouerhuis en portuurgroep beskikbaar is wanneer hulle verwerping van beide kante ervaar. Liefde en aanvaarding behels aktiewe dade om die welstand van die adolessent te verseker. Dit is ŉ noodsaaklike konsep aangesien die dinamika van liefde eers deur aktiewe optrede betekenis aanneem.. Deur genoeg tyd saam met iemand deur te bring leer jy daardie persoon beter ken en is dit daarom makliker om daardie persoon met jou diepste gevoelens te vertrou.

Ten spyte van hulle huidige omstandighede kom ŉ groot mate van hoop steeds by die adolessente dogters voor. Uitgespreekte drome en verwagtinge dui op ŉ innerlike sterkte waaroor die dogters nietemin beskik. Hoop word dus as ŉ sterkte beskou en as ŉ toekomsgerigte houding wat dien as ŉ buffer teen selfmoord. Die adolessente dogters moet gelei word om daadwerklik te hoop sodat verwagting en nuwe vooruitsigte by haar wakkergemaak kan word.

Die keuse van ŉ loopbaan is ŉ rigtinggewende besluit en voorsien die adolessent van ŉ groter doel om na te streef. Dit is egter belangrik dat adolessente die opsies van loopbaankeuses ooreenkomstig hulle talente en vermoëns moet verken alvorens hulle die finale keuse maak.

Dit is duidelik dat die dogters ver tekort skiet aan funksionele hanteringsvaardighede tydens stresvolle lewensgebeure. Uit ŉ baie beperkte lys van hanterings- en oorlewingsopsies, word selfmoord dan as die beste opsie gekies. Na aanleiding van die bevindinge van die studie, word die volgende aanbevelings aan die hand gedoen wat in lewensbegeleiding as hulverleningstrategie benut kan word.

## AANBEVELINGS

Ondersteuningsisteme, geleentheid vir kommunikasie en toekomsvooruitsig sal binne die raamwerk van ŉ hulpverleningstrategie voorgestel moet word om die behoeftes van die dogters met selfmoordgedrag te ondervang.

- Identiteitsontwikkeling vind nie geïsoleerd plaas nie, maar word beïnvloed deur interpersoonlike verhoudings soos interaksie met ouers, die portuurgroep en die breër sosiale konteks. Die soeke en ontdekking van ŉ identiteit, ŉ goeie selfkonsep en die hantering van verwerping, moet dus in ŉ omgewing van liefde en aanvaarding geskied.
- Indien adolessente dogters met selfmoordgedrag nie liefde en aanvaarding van hulle ouers of portuurgroep ontvang nie, moet alternatiewe ondersteuningsraamwerke en ondersteuningsgroepe beskikbaar gestel word en reeds bestaande hulpbronne ook uitgewys word.
- Dit is duidelik dat ŉ groot behoefte onder die deelnemers bestaan om moeilike emosies en gevoelens in ŉ omgewing van onvoorwaardelike aanvaarding te ontlaai. Kommunikasievaardighede behoort aandag te geniet en die adolessente dogters moet leer om vrese en bekommernisse met belangrike ander te kommunikeer en konflik te bestuur en te hanteer as deel van die noodsaaklike lewensvaardighede. Geleentheid moet geskep word vir die dogters om hulle 'storie' te vertel, om sodoende negatiewe emosies te kan hanteer en te kan verwerk.
- Dit is vir die dogters noodsaaklik om te weet dat daar hulp buite die ouerhuis en portuurgroep beskikbaar is. Die adolessente dogters moet genoeg aan hulpbronne blootgestel word en gemotiveer word om na hulp uit te reik.
- Besluitnemingsprosesse rakende loopbaankeuses en toekomsbeplanning moet stap vir stap met die adolessente deurgewerk word. Talentontdekking en doelwitstelling moet hierdie proses voorafgaan.
- Selfmoord kan voorkom word deur aan die selfmoord-risikopersoon geleenthede te gun wat die wens om te lewe versterk. Die hoop en drome waaroor die dogters reeds beskik, moet sterk ondersteun word as ŉ noodsaaklike motiveringsmeganisme en dryfveer vir die toekoms.

## SAMEVATTING

In hierdie artikel is ŉ kort uiteensetting gegee van die navorsingsmetodologie, en ŉ bespreking is gelei met betrekking tot bevindings rakende die oorhoofse psigososiale behoeftes van adolessente dogters met selfmoordgedrag. Die oorhoofse behoeftes is onderverdeel in subtemas, wat onderskeidelik bespreek is. In die verstaan van hierdie verskynsel en die identifisering van behoeftes kan moontlike hulpverleningstrategieë dus ontwerp word.

http://socialwork.journals.ac.za
DOI: http://dx.doi.org/10.15270/48-4-29


## BIBLIOGRAFIE

ADAMS, G.R. & BERZONSKY, M.D. 2003. **Blackwell handbook of adolescence**. Malden: Blackwell.

ALPASLAN, A.H. 2003. Reflections on the experiences and needs of adolescents who have attempted suicide: a qualitative study. **Social Work/Maatskaplike Werk**, 39(3):258-260.

ANDREW, M. 2006. SA's suicide shocker. **Daily News**, 21 July, 13.

ANON. 2005. **South Africa teens: high suicide risk**. [Online] Available: http://m www.health.am/psy/more/south_africa_teens_high_suicide_risk/. [Accessed: 14/02/2011].

ANTARAMIAN, S.P., HUEBNER, S. & VALOIS, R.F. 2008. Adolescent life satisfaction. **Applied Psychology**, 57(1):112-126.

BABBIE, E. & MOUTON, J. 2009. **The practice of social research**. Cape Town: Oxford University Press.

BADAT, N.Y. & AJAM, K. 2007. Why are SA teens killing themselves? **Sunday Argus**, 18 February, 23.

BARLOW, D.H. & DURAND, V.M. 2005. **Abnormal psychology: an integrative approach**. London: Thomson Learning.

BRUNSDON, A.R. & JANSE VAN RENSBURG, J. 2003. Wanneer jongmense hoop verloor: 'n pastorale perspektief op die selfmoordkontemplerende adolessent. **Acta Theologica**, 23(2):1-11.

CRESWELL, J.W. 2009. **Research design: qualitative, quantitative and mixed methods approaches** (3rd ed). Los Angeles, CA: Sage Publications.

DANE, F.C. 2011. **Evaluating research – methodology for people who need to read research**. London: Sage Publications.

DE VOS, A.S., STRYDOM, H., FOUCHÉ, C.B. & DELPORT, C.S.L. 2011. **Research at grassroots – for the social sciences and human service professions** (4th ed). Pretoria: Van Schaik Publishers.

DWAIRY, M. 2010. Parental acceptance-rejection: a fourth cross-cultural research on parenting and psychological adjustment of children. **Journal of Child and Family Studies**, 19(1):30-35.

ENGELS, R.C.M.E., KERR, M. & STATTIN, H. 2007. **Friends, lovers and groups – key relationships in adolescence**. London: Thomson Digital.

GIBSON, W.J. & BROWN, A. 2009. **Working with qualitative data**. London: Sage Publications.

GOUWS, E., KRUGER, N. & BURGER, S. 2008. **The adolescent**. Johannesburg: Heinemann.

JOHNSON, D.W. 2006. **Reaching out – interpersonal effectiveness and self-actualization**. New York, NY: Pearson Education.

KEOGH, J. 2009. Daar is hulp vir tieners met donker gedagtes. **Beeld**, 4 Maart, 4.

KGOSIMORE, D.L. & MAKOFANE, M.D.M. 2006. Self-directed violence: a multidisciplinary approach to the prevention and management of adolescent suicidal behaviour. **Acta Criminologica**, 19(3):89-99.

LEMING, M.R. & DICKINSON, G.E. 2007. **Understanding, dying, death and bereavement**. New York: Thomson Wadsworth.

LOUW, D. & LOUW, A. 2007. **Die ontwikkeling van die kind en adolessent**. Bloemfontein: ABC Drukkers.

LOUW, D.A., VAN EDE, D.M. & LOUW, A.E. 1998. **Menslike ontwikkeling**. Kaapstad: Kagiso Tersiêr.

MADU, S.N. & MATLA, M.P. 2003. The prevalence of suicidal behaviours among secondary school adolescents in the Limpopo Province, South Africa. **South African Journal of Psychology**, 33(2):126-132.

MELGOSA, J. & MELGOSA, A.D. 2007. **Developing a healthy mind – a practical guide for any situation**. Madrid: Editorial Safeliz.

MITCHELL, M.L. & JOLLEY, J.M. 2010. **Research design: explained**. New York: Wadsworth Learning.

NAIDOO, P. 2010. **Children with attention deficit hyperactivity disorder: needs and experiences of parents/caregivers receiving services from a public sector hospital**. Durban: University of KwaZulu-Natal. (MA Thesis)

OKTOBER, A. 2009. Hou tieners fyn dop, sê Sadag oor selfmoorde. **Burger**, 25 Februarie, 10.

PADGETT, D.K. 2008. **Qualitative methods in social work research**. Los Angeles: Sage.

PATTON, M.Q. 2002. **Qualitative research and evaluation methods**. Thousand Oaks: Sage Publications.

ROSWARSKI, T.E. & DUNN, T.E. 2009. The role of help and hope in prevention and early intervention with suicidal adolescents: implications for mental health counselors. **Journal of Mental Health Counseling**, 31(1):34-46.

ROYSE, D. 2011. **Research methods in social work** (6th ed). Belmont: Brooks/Cole.

ROYSE, D., THYER, B.A. & PADGETT, D.K. 2010. **Program evaluation: an introduction**. London: Wadsworth Cengage Learning.

RUBIN, A. & BABBIE, E. 2010. **Essential research methods for social work**. New York: Brooks/Cole Cengage Learning.

RUSH-WILSON, T.C., TRIPPANY, R. & GILLIAM, B. 2010. The adolescent relationship rollercoaster: how parents can watch the speed and buffer the crash. **Pediatrics for Parents**, 26(1&2):2-3.

SCHLEBUSCH, L. 2005. **Suicidal behaviour in South Africa**. Pietermaritzburg: University of KwaZulu-Natal Press.

VALLE, M.F., HUEBNER, E.S. & SULDO, S.M. 2006. An analysis of hope as a psychological strength. **Journal of School Psychology**, 44(1):393-406.

http://socialwork.journals.ac.za
DOI: http://dx.doi.org/10.15270/48-4-29



VASHCHENKO, M., LAMBODONI, E. & BRODY, L.R. 2007. Late adolescents' coping styles in interpersonal and intrapersonal conflicts using the narrative disclosure task. **Clinical Social Work**, 35(4):245-255.

WOLCOTT, H.F. 2001. **Writing up qualitative research**. Thousand Oaks: Sage Publications.

ZASTROW, C.H. & KIRST-ASHMAN, K.K. 2004. **Understanding human behavior and the social environment**. New York: Thomson Learning.

*Me Andrea du Toit is 'n maatskaplike werker by die Sungardens Hospice, Pretoria; Prof Herman Strydom is die Vakhoof vir Maatskaplike Werk, Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus), Potchefstroom, Suid-Afrika.*